



NOOD

PROJEKTE

eKERK
Jesus - sigbaar, voelbaar, verstaanbaar



MAAK 'N VERSKIL

Dis partykeer moeilik om net eers te weet waar om te begin. Die doel van hierdie publikasie is om jou al die inligting te gee wat jy nodig het om van vandag af 'n daadwerklike verskil aan die nood in die wêreld te maak. Hierdie organisasies doen uitstekende werk, is lief vir Jesus, en gee om vir stukkende mense. Ons gaan kuier gereeld vir hulle, en jy is welkom om direk met hulle kontak te maak, en van jou tyd, geld en goed te gee waar jy kan.

Help ons om Jesus meer sigbaar te maak.

MORESTER KINDERHUIS

OOR MORESTER

Volgens die nuwe kinderwet, is Môrester nou geregistreer as ñ CYCC (child and youth care centre) wat beteken dat ons ook voorsiening kan maak vir kinders wat langer as 6 maande by ons bly.

Tans is daar 55 kinders in ons sorg – ouderdomme vanaf pasgebore tot 17 jaar. Ons het steeds 2 huise – een vir seuns en babas en een vir meisies. Ek het ook ñ twee huismoeder aangestel wat na die meisies omsien. Kinders word steeds geplaas met ñ hofbevel en elke kind het ñ maatskaplike werker. Die uiteindelijke doel is dat die kinders herenig sal word met hulle ouers en indien dit nie moontlik is nie, daar vir hulle pleegouers gevind sal word met die oog op aanneming.

RAAK BETROKKE

Sedert die Kinderhuis as ñ CYCC geregistreer is, betaal die staat ñ bedrag per maand wat gedeel moet word tussen kos, klere, medies ens. Ons is egter steeds baie afhanklik van die publiek vir ons voortbestaan en moedig vrywilligers aan om betrokke te raak. Ons het in Augustus ñ maatskaplike werker aangestel wat ons help met statutêre werk. Daar was egter ñ afname in donateurs weens die swak ekonomiese klimaat in Rustenburg. Ek is egter dankbaar om te kan sê dat ons kinders steeds elkeen in hulle eie bed kan slaap . Hulle kry ook genoeg om te eet en ons kry vrystelling van skoolgeld wat ñ groot hulp is.

Ons grootste uitgawe bly egter steeds melk en doeke. Ons gebruik ongeveer 4000 doeke per maand en al ons babas drink formule melk.

Ons is ekerk baie dankbaar vir hulle volgehoue steun aan Môrester. Hulle hulp maak dit vir ons moontlik om voort te gaan met die projek.

Webtuiste: www.facebook.com/pages/Môrester-Kinderhuis

Area: Rustenburg

Kontak vir: Helen Lotz: 0824608418 | moresterkinderhuis@gmail.com

ALLEN PARK VIR BEJAARDES

OOR ALLEN PARK

Tannie Rina is betrokke by die raad van bejaardes waar daar kospakkies uitgedeel word aan die bejaarde mense wat nie elke maand dit kan bekostig nie. Daar word ook etes betaal in die eetsaal vir van die mense. Daar word 10 kospakkies uitgedeel vir behoeftige mense en 10 ete kaartjies verskaf vir etes in die eetsaal. Die mense by Allen Park is honger vir liefde en verhouding. Die kospakkies is klein en is nie genoegsaam om elke maand deur te sien nie dus is die nood steeds groot.

RAAK BETROKKE

- Verhouding met die mense van Allen Park, kuier en omgee (ons het dringend mense nodig wat kan help kos uitdeel en moontlik kos bydrae te maak).
- Kospakkies, vele meer mense as die 10 vir wie ons kos uitdeel het regtig kos en ander persoonlike items nodig.
- Kospakkies bestaan uit eenvoudige items (loer na die video hier bo) maar soos op die video gesien is dit ook min. Kontak ons en raak betrokke by die kosbare projek.

Area: Allen Park, Kemptonpark
Tannie Rina 083 5280711

TERAPIE BY LOUIS BOTHA

OOR TERAPIE BY LOUIS BOTHA KINDERHUIS

Die maatskaplike werkers en die huismoeders verval dikwels in 'n put van moedeloosheid en negatiewiteit, maar deur God se genade is die toerusting wat ek aan hulle bied, bemoedigend en inspirerend. Omtrent al die kinders daar kom uit gebroke huise wat daartoe lei dat baie van hulle met dagga, pornografie, geweld en seksuele aktiwiteite betrokke raak. Die maatskaplike werkers verwys kinders na my vir terapie wat ek op 'n weeklikse basis hanteer.

Ek het begin om kinders in huise te identifiseer om hulle toe te rus om saans uit die Bybel vir die betrokke huis se kinders te lees en te bid. So breek God se lig en genade deur die krake van baie gebroke lewens. Dit is so wonderlik om kinders te hoor wat begin getuig oor Jesus! Dis so kosbaar.

Een keer per maand bied ek 'n toerustingssessie aan vir al die huismoeders. Die doel hiervan is om hulle toe te rus om vir die uitdagings en verwagtinge waarvoor hulle te staan kom. Temas soos onder andere boelinisme, hoe hanteer jy Narsistiese Persoonlikheids Versteuring en stappe om jou innerlike krag te versterk, was behandel. Ek bied ook terapie aan op 'n individuele basis vir huismoeders wat behoefte daaraan het.

Driana Zandberg (Maatskaplike werker)

driana@jacarandachildren.co.za

012 3336184

Dr Jan Bothma

drjan@penta-net.co.za

0765224944

ECHO JEUGONTWIKKELING

MEER OOR ECHO

ECHO is 'n geloofsgemeenskap wat omgee vir jongmense in nood. Ons het tans 13 huise en weeklikse programme by 11 skole. ECHO Jeugontwikkeling het in 2001 tot stand gekom en is 'n geregistreerde nie-winsgewende maatskappy. Daar is Echo gemeenskappe in Pretoria, Johannesburg en Kaapstad - ons 13de huis as deel van ons Echo Plaasprojek, "Down to earth", het pas afgeskop buite Frankfort in die Vrystaat.

Ekerk help ons veral op twee maniere:

1. Inspirasie! Veral ons leiers by Echo het nodig om gereeld hulle geestelike batterye te laai. Ekerk se teologiese perspektief op aktuele sake het ons al dikwels gehelp. Ons wat deel is van die Echo gemeenskap streef daarna om weer die eenvoud van Christen gemeenskap soos in die tyd van die Nuwe Testament te herontdek. Veral Stephan Joubert het ons al dikwels gehelp om die konteks van die antieke tyd en die hart van die Evangelie beter te verstaan. Dis lekker om te weet dat hy net 'n oproep ver is.
2. Finansiële ondersteuning. Ekerk is al vir 'n geruime tyd op maandelikse basis finansiëel betrokke by ons gemeenskap waarvoor ons baie dankbaar is.

Jaco Strydom
info@echoyouth.co.za
www.echoyouth.co.za
0844777123



Jesus - sigbaar, voelbaar, verstaanbaar

Daar is nog baie ander maniere hoe jy kan betrokke raak daarby om 'n verskil, en Jesus meer sigbaar, te maak in 'n gebroke en desperate wêreld.

Bly gerus ingeskakel op **ekerk.org** vir die nuutste nuus en gebeure, skryf in vir die ekerk **nuusbriewe**, lees die **blog**, en gesels met ons op **Facebook** en **Twitter**.

Jesus - sigbaar, voelbaar & verstaanbaar.

w | www.ekerk.org
c | 083.670.9974
e | info@ekerk.org

DANKIE & VREDE!